

# Wat sê jou verslag?





# Wat sê jou verslag?






**2020-07-26**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

## Inleiding

- Die mens het 2 x oë, 2 x ore, 2 x neusgate en 1 mond. = 7 openinge
- 3 pare.
- Hoe praat ons in hierdie tyd?
- Wat sê jou verslag?









DIE BYBEL

# Skrifgedeelte

- Num 13 & 14





- **Num 13:1** En die HERE het met Moses gespreek en gesê:
- Num 13:2 Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel sal gee, kan verken. Van elke vaderlike stam moet julle een man stuur, elkeen 'n owerste onder hulle.
- Num 13:17 En Moses het hulle gestuur om die land Kanaän te verken en vir hulle gesê: Trek hier in die Suidland op en beklim die gebergte.
- Num 13:18 En bekyk die land, hoe dit is, en die volk wat daarin woon, of dit sterk of swak, of dit min of baie is;
- Num 13:19 en hoe die land is waar hulle in woon, of dit goed of sleg is; en hoe die stede is waar hulle in woon, laers of vestings;
- Num 13:20 ook hoe die land is, of dit vet of skraal is, of daar bome in is of nie; en wees dapper en bring van die vrugte van die land saam. Dit was toe die tyd van die eerste druiwe.

- Num 13:25 En ná verloop van veertig dae het hulle teruggekom van die land te verken.
- Num 13:26 En hulle het weggegaan en by Moses en Aäron en die hele vergadering van die kinders van Israel gekom in die woestyn Paran, in Kades, en aan hulle berig gebring, en aan die hele vergadering en hulle die vrugte van die land laat sien.
- Num 13:27 En hulle het hom vertel en gesê: Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dít is sy vrugte.
- Num 13:28 Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot; en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien.
- Num 13:29 Die Amalekiete woon in die Suidland, maar die Hetiete en Jebusiete en Amoriete woon in die gebergte, en die Kanaäniete woon by die see en aan die kant van die Jordaan.

- Num 13:30 Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.
- Num 13:31 Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons.
- Num 13:32 So het hulle dan slegte gerugte onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is 'n land wat sy inwoners verteer; en al die mense wat ons daarin gesien het, is groot manne.
- Num 13:33 Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë.

- Num 14:1 Toe het die hele vergadering uitgeroep—hulle het hul stem verhef, en die volk het dié nag geween.
- Num 14:2 En al die kinders van Israel het gemurmureer teen Moses en teen Aäron, en die hele vergadering het aan hulle gesê: Ag, as ons maar in Egipteland gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het!
- Num 14:3 En waarom bring die HERE ons na hierdie land om deur die swaard te val? Ons vroue en ons kinders sal 'n buit word. Sal dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie?
- Num 14:4 En hulle sê vir mekaar: Laat ons 'n hoof aanstel en na Egipte teruggaan.
- Num 14:5 Toe het Moses en Aäron op hulle aangesig geval voor die hele vergadering van die gemeente van die kinders van Israel.

- Num 14:6  En Josua, die seun van Nun, en Kaleb, die seun van Jefúnne, twee van die wat die land verken het, het hulle klere geskeur
- Num 14:7  en die hele vergadering van die kinders van Israel toegespreek en gesê: Die land wat ons deurgetrek het om dit te verken, is 'n buitengewoon goeie land.
- Num 14:8  As die HERE 'n welbehae in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.
- Num 14:9  Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die HERE is met ons. Wees nie bevrees vir hulle nie!
- Num 14:10  Toe sê die hele vergadering dat hulle gestenig moet word. Maar die heerlikheid van die HERE het in die tent van samekoms verskyn voor al die kinders van Israel.

## 10 Spioene en die volk spreek dood?

- 10 van die spioene spreek negatief en dood

*Num 13:31  ... het gesê: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons.*

*Num 13:32  So het hulle dan slegte gerugte onder die kinders van Israel versprei .*

*Num 14:1  Toe het die hele vergadering uitgeroep—hulle het hul stem verhef, en die volk het dié nag geween.*



- Spreek teen God se krag.
- Spreek teen God se Woord en beloftes.
- Jy sondig.
- Jy sal ander aansteek om saam negatief te praat.

## 2 Spioene spreek lewe

- Spreek lewe

*Num 13:30 Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.*

- Josua en Kaleb spreek die volk toe:

*Num 14:9 Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie,*

- Hulle spreek positief.
- Hulle verklaar God se krag
- Hulle verklaar die Here is met ons



## Lewe en dood

- God se oordeel

*Num 14:28 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen.*

*Num 14:29 Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het.*

*Num 14:30 Waarlik, júlle sal nie in die land kom waaroor Ek my hand opgehef het om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne, en Josua, die seun van Nun.*

- Hoe praat ons voor die ore van die Here?
- Mat 15:11

## Gesondheid

- Jou mond het ‘n direkte verband met jou algemene gesondheid

*Spr 15:4 Vriendelike woorde bring lewe, bedrieglike woorde vernietig mense. (NLV)*

*A gentle tonge (with its healing power) is a tree of life, but willful contrariness in it breaks down the spirit. (AMP)*

*Jak 3:6 …..Net so ‘n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.*

## Die Ewigheid

- Jou mond (tong) het ‘n direkte verband met waar jy gaan eindig, en die ewigheid gaan deurbring.

*Rom 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;*

*Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.*

***1 Joh 4:15***

## Laat Hy jou verander

*Num 13:8 Van die stam van Efraim: Hoséa, die seun van Nun*

*Num 13:16 Dit is die name van die manne wat Moses gestuur het om die land te verken; En Moses het Hoséa, die seun van Nun, Josua genoem.*

- Hosea beteken “redding”
- Josua (Joshua) beteken “Jehovah is redding”
- Josua in Hebreus is dieselfde as die Griekse woord Jesus
- ‘n Veranderde persoon praat lewe en redding!

## Hoe oorwin ons die vyand?

*Openb 12:10 Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.*

*Openb 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.*

## Hoe gaan dit eindig?

- Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,
- Fil 2:10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
- Fil 2:11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

## Hoe lyk jou verslag in hierdie tyd?

- Watter vrug kom nou oor jou lippe?

Heb 13:14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.
Heb 13:15 Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

- Loof en prys die Here
- Praat eerder oor Jesus, en vertel die goeie nuus!

# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible